**IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA**

**GAUTENG AFDELING, PRETORIA**

A 45/16
28/01/2016.

| DELETE WHICHEVER IS NOT APPLICABLE |
| --- |
| (1) REPORTABLE: ~~YES~~/NO |
| (2) OF INTEREST TO OTHER JUDGES: ~~YES~~/NO |
| (3) REVISED |
| 18/12/15 ............................................ |
| DATE SIGNATURE |

Hooggeregshofverwys. 418/2015
Landdros se reeks nr.: SH15/2015
Saaknommer: 1806/2012

**DIE STAAT v IMONÉ DU PLESSIS**

---

**SPESIALE HERSIENINGSUITSPRAAK**

---

A.A.LOUW R

[1] Hierdie saak is op spesiale hersiening in terme van a 304(4) van die Strafproseswet, 51 van 1977, gestuur deur die senior landdros van Nelspruit, Mnr A van der Merwe.

[2] Onder die omstandighede wat hieronder sal blyk, het Me du Plessis op 'n klagte van nalatige bestuur 'n skulderkenningsboete van R800 betaal. Sy het nie besef dat dit as 'n vorige veroordeling teen haar aangeteken sou word nie. Die geagte landdros vermeld ook in sy brief van 13 Augustus 2015 soos volg:

> *"The court documents contain no indication that the accused had been informed of the consequences which might follow upon the payment of an admission of guilt fine."*

[3] Nadat sy die boete betaal het op 3 Oktober 2012 is die volgende sake beslis:

> *S v Claasen* 2012 JDR 2524 (FB)
>
> *S v Gilgannon* 2013 JDR 2121 (GSJ)

[4] Mnr van der Merwe verwys ons na gemelde sake en versoek dat die saak op spesiale hersiening mee gehandel sal word ooreenkomstig die reg.

[5] In haar beëdigde verklaring gedateer 24 Julie 2015 verklaar Imoné du Plessis, die beskuldigde, as volg:

> *"1. Ek is die beskuldigde in bovermelde saak, 'n meerderjarige onderwyseres van beroep, en bekleë tans 'n permanente pos by Barberton Laerskool in diens van die Nasionale Departement van Onderwys en die administrasie van my pos word behartig deur die Streekkantoor van Onderwys te Nelspruit.*

2. *Die feite hierin vervat val binne my persoonlike wete en kennis en is na die beste van my wete, waar en korrek.*

3. *Ek lê hierdie verklaring af sodat die vonnis teen my, bekragtig deur bostaande agbare hof uit hoofde van 'n skulderkenningboete deur my betaal, soos hierin later volledig beskryf, op spesiale hersiening geneem kan word ooreenkomstig die bepalings van artikel 304(4) van Die Strafproseswet, Wet nr 51 van 1977, soos gewysig.*

4. ***Agtergrondfeite***

4.1. *Ek was gedagvaar om in die landdroshof Nelspruit te verskyn op 30 Augustus 2012 op grond van 'n motorongeluk waarin ek betrokke was op 1 Maart 2012 op die R40 hoofpad tussen Nelspruit en Barberton.*

4.2. *Die aanklag was dat ek artikel 63(1) gelees met artikel 1, 63(2), 69, 73, 89(1) en 89(5) van die Nasionale Padverkeerswet Nr 93 van 1996 (Nalatige Bestuur) oortree het.*

4.3. *Die ongeluk het plaasgevind toe ek van agter in 'n stilstaande vragmotor vasgery het, terwyl dit geen agterligte vertoon het of sonder dat waarsku-tekens uitgesit was, en wat my aanbetref op die padoppervlak in die middel van die pad geparkeer was.*

4.4 *Ek het in die hof verskyn op 27 Augustus 2012 voor Meneer EJ Hall en was verteenwoordig deur my prokureur Meneer Jan Coetzee. Die saak was uitgestel*

*tot 3 Oktober 2012 sodat 'n voorlegging gedoen kon word met die oog op terugtrekking van die aanklag.*

4.5. *Ek was later deur my prokureur meegedeel dat die Senior Staatsaanklaer wel beslis het dat die saak moet voortgaan. Daar het toe onderhandeling plaasgevind tussen my prokureur Meneer Coetzee en die Senior Staatsaanklaer met die oog op die betaling van 'n skulderkenning omdat ek bang was om in 'n ope hof te verskyn en 'n verhoor te deurloop. Ek was op daardie stadium nog nooit betrokke in 'n hofsaak en weens die omstandighede van die vreemde omgewing het ek ingestem om liewer 'n skulderkenning te betaal om sodoende die saak agter die rug te kry. Ek was egter ook nie vertroud met die administratiewe proses of die regsgevolge van 'n skulderkenning nie. Ek het dit beskou soos 'n verkeersboete wat ek sou betaal om die saak agter die rug te kry.*

4.6. *Ek het nooit self met die Staatsaanklaer onderhandel en was ook nooit in gesprek met Landdros Hall wat uiteindelik die skulderkenning bekragtig het nie, en was nooit ingelig dat die skulderkenning aangeteken sou word as 'n vorige kriminele oortreding nie. Meneer Coetzee het my ook nie daaroor ingelig nie. Die ooreengekome bedrag van die skulderkenning was deur my aan Meneer Coetzee oorbetaal en hy het die inbetaling daarvan*

*behartig. Ek kan nie onthou dat ek ooit iets in verband daarmee geteken het nie.*

4.7. *Ek het daarna aansoek gedoen vir 'n onderwyspos by 'n privaatskool Curro te Nelspruit. Ek was egter geskakel en gevra om my aansoek terug te trek aangesien ek nie kwalifiseer nie omdat dit vasgestel was dat ek 'n vorige kriminele oortreding begaan het naamlik nalatige bestuur. Dit is hoe ek dan vasgestel het dat die skulderkenning 'n vorige veroordeling tot gevolg gehad het. Die vorige veroordeling verhoed verdere aanstelling of moontlike bevordering terwyl ek nie daarvan bewus was dat die skulderkenning sou uitloop op 'n kriminele veroordeling teen my naam nie.*

4.8. *Indien ek bewus was daarvan dat die skulderkenning 'n kriminele rekord tot gevolg sou hê en indien my regte in hierdie verband volledig aan my verduidelik was, sou ek liewer bereid gewees het om die hofproses van 'n verhoor te deurloop ten spyte van my vrees vir die onbekende proses van 'n hofsaak. Ek was deurentyd onder die indruk dat ek my nie skuldig gemaak het aan nalatigheid met betrekking tot die ongeluk nie en dat ek 'n geldige verweer gehad het waarom die ongeluk plaasgevind het.*

4.9. *Ek besef nou dat die betaling van die skulderkenning 'n diepgaande invloed op my loopbaan in die onderwys sal*

*hê aangesien ek nie in aanmerking kom vir enige ander pos of bevordering nie. 'n Gewaarmerkte afskrif van die gelyste vorige veroordeling word aangeheg.*

4.10. *Daar word van onderwysers verwag om van tyd tot tyd kinders te vervoer in skoolverband. Die onderwyser moet dan in besit wees van 'n Openbare Bestuurspermit, uitgereik deur 'n lisensie-owerheid. Dit sal nie vir my moontlik wees om suksesvol daarvoor aansoek te doen indien die vorige veroordeling teen my aangeteken is nie. Dit sal my bruikbaarheid as onderwyseres benadeel en my in 'n slegte lig stel."*

[6] Daar is ook 'n bevestigende beëdigde verklaring deur haar prokureur, Mnr Jan Coetzee, waarin hy in par 7 die volgende sê:

> *"Sy het nie die gevolge wat die betaling van erkenning van skuld op haar kriminele rekord besef nie. Dit was nie deur 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens, of deur die hof of deur die staatsaanklaer aan haar verduidelik nie. Ek het dit ook nie aan haar verduidelik nie want ek was nie daarvan bewus dat wanneer 'n skulderkenning vanaf 'n polisiedossier gedoen word, die oortreding dan as 'n vorige veroordeling aangemeld word nie."*

[7] A 57 van die Strafproseswet handel met die erkenning van skuld en betaling van boete sonder 'n verskyning in die hof. In hierdie geval is a 57A

van toepassing. Dit handel met die erkenning van skuld en die betaling van 'n boete ná verskying in die hof. A 57A is slegs van toepassing in die tydperk nadat die beskuldigde in die hof verskyn het en voordat die beskuldigde gepleit het. Dit gee aan die staatsaanklaer die mag om 'n kennisgewing met 'n endossement ingevolge a 57 van die Strafproseswet aan die beskuldigde te oorhandig of om so 'n kennisgewing deur 'n vredesbeampte by die beskuldigde te laat aflewer, met die inhoud dat die beskuldigde sy of haar skuld ten opsigte van die betrokke misdryf kan erken en dat hy of sy 'n bepaalde boete ten opsigte daarvan kan betaal sonder om weer in die hof te verskyn.

[8] In terme van a 57A(4) word onder andere die bepalings van a 57(7) van die Strafproseswet van toepassing gemaak. Hierdie subartikel gee aan die landdros 'n spesiale hersieningsbevoegdheid waarin die landdros in die geval van 'n skulderkenningsboete voor verskyning in die hof, so 'n skuldigbevinding en vonnis tersyde kan stel, indien die landdros van mening is dat dit nie ooreenkomstig die reg geskied het nie.

[9] In hierdie geval is die skulderkenningsboete in terme van a 57(7) deur 'n landdros bekragtig oftewel bevestig op 30 Mei 2013. Soos die beskuldigde in haar eedsverklaring vermeld is dit eers toe sy aansoek gedoen het vir 'n onderwyspos by 'n privaatskool dat sy uitgevind het dat sy 'n rekord het vir 'n vorige kriminele oortreding naamlik nalatige bestuur.

[10] Die sake van *Claasen* en *Gilgannon* asook die saak van *Staat v Tong* [2013(1) SACR 346 (WCC)] is in alle opsigte vergelykbaar met die huidige saak behalwe dat in daardie sake die skulderkenningsboete betaal is voor die verskyning in die hof. Die wesenlike feit wat egter gemene deler is tussen daardie sake en hierdie een is dat in al die gevalle die beskuldigde nie meegedeel is daarvan dat die skulderkenningsboete die gevolg sal hê van 'n rekord vir 'n kriminele oortreding nie. In *Claasen* is die beskuldigde inderdaad uitdruklik deur die polisie meegedeel dat die gevolg van die skulderkenningsboete nié sou lei tot 'n rekord van 'n vorige veroordeling nie. In *Gilgannon* is die volgende gesê:

> *"[15] It is a very serious consequence for someone to pay an admission of guilt fine and have no understanding that he will thereafter carry a criminal conviction. As stated by Henney J in* Parsons supra *this too is an infringement of the right to a fair trial."*

[11] Daar is natuurlik geen rede hoekom dieselfde ratio as in a 57 gevalle nie ook moet geld in a 57A gevalle nie.

[12] Gevolglik is die skuldigbevinding en vonnis nie ooreenkomstig die reg nie en moet dit tersyde gestel word in terme van 304(4) van die Strafproseswet.

[13] Gevolglik word die volgende bevel gemaak:

1. Die beskuldigde se skuldigbevinding en vonnis soos deur die landdros Nelspruit bekragtig op 30 Mei 2013 word tersyde gestel.

2. Die skulderkenningsboete van R800 moet aan die beskuldigde terugbetaal word

A.A. LOUW

REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF

Ek stem saam

R.G. TOLMAY

REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF